

REKENINGKUNDE

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 11 Mei 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



REKONSILIASIES

Beste Handelaars het 'n bankstaat van ABBA Bank ontvang vir die maand wat op 28 Februarie 2022 geëindig het.

Beantwoord vrae 1, 2 en 3.

1. Die bankstaat het aangedui dat toestemming aan Safe Insure toegestaan is om 'n maandelikse betaling vir versekering uit die lopende rekening van Beste Handelaars te ontvang. Dit staan bekend as 'n:
 - A debietorder.
 - B stoporder.
 - C EFO.
 - D tjek.

2. Die bankstaat het twee rente-inskrywings aangedui, een debietinskrywing vir R200 en een kredietinskrywing vir R300. Die korrekte inskrywings wat die rekenmeester in die finansiële rekords van Beste Handelaars moet maak, is:
 - A debiteer *rente op lopende rekening* met R200 en krediteer *rente op oortrokke rekening* met R300.
 - B krediteer *rente op lopende rekening* met R300 en debiteer *rente op oortrokke rekening* met R200.
 - C debiteer of krediteer *óf rente op lopende rekening óf rente op oortrekking* met die netto resultaat van R100.
 - D geen inskrywing nie, want daar is 'n fout op die bankstaat, aangesien die bankstaat nie beide 'n debiet- en 'n kredietinskrywing vir rente kan toon nie.

3. Watter van die volgende prosedures beskryf die rekonsiliasie van kontant die beste?
 - A Die banksaldo op 31 Januarie 2022 in die Algemene Grootboek word met die eindsaldo van die bankstaat wat ontvang is, vergelyk.
 - B Die banksaldo op 28 Februarie 2022 in die Algemene Grootboek word met die openingsaldo van die bankstaat wat ontvang is, vergelyk.
 - C Kontantdeposito's in die KOJ word met die kredietinskrywings op die bankstaat vergelyk om te verseker dat kontant wat gedeponeer is, ooreenstem.
 - D Kontantdeposito's in die KOJ word vergelyk met die debietinskrywings op die bankstaat om te verseker dat kontant wat gedeponeer is, ooreenstem.

Wok This Way skuld 'n bedrag van R20 000 aan 'n krediteur. Korting van R400 word ontvang vir die vroeë vereffening van die rekening.

Beantwoord vrae 4 en 5.

4. Die effek op die rekeningkundige vergelyking is:

	Bates	Ekwiteit	Laste
A	-400	-400	
B	+400	+400	
C		+400	-400
D		-400	+400

5. Die EFO-bedrag vir die vereffening van die rekening is:
- A R20 800
 - B R20 400
 - C R20 000
 - D R19 600
6. Eggcellent Eats, 'n groothandelaar, verskaf goedere op krediet aan Thai Tanic. 'n Kredietnota is aan Thai Tanic uitgereik vir die weglating van handelskorting op die laaste faktuur wat aan hulle gestuur is. Die rekenmeester van Eggcellent Eats het die kredietnota verkeerdelik as 'n faktuur in die rekening van Thai Tanic aangeteken. Watter inskrywing moet die rekenmeester van Eggcellent Eats in die rekening van Thai Tanic maak om die fout reg te stel?
- A Debiteer die rekening met die bedrag van die kredietnota.
 - B Debiteer die rekening met twee maal die bedrag van die kredietnota.
 - C Krediteer die rekening met die bedrag van die kredietnota.
 - D Krediteer die rekening met twee maal die bedrag van die kredietnota.

Lord of the Fries koop bevrore skyfies van Phat Tato. Lord of the Fries het Phat Tato R11 400 betaal nadat hulle 5% korting in ag geneem het vir vroeë betaling. Phat Tato het nie die korting toegestaan nie, aangesien die betaling van Lord of the Fries laat in die bankrekening van Phat Tato gereflekteer het.

Beantwoord vrae 7 en 8.

7. Watter van die volgende inskrywings beskryf die regstelling wat Lord of the Fries in hul hulp grootboek moet maak?
- A Krediteer die rekening van Phat Tato in die Krediteure Grootboek.
 - B Krediteer die rekening van Phat Tato in die Debiteure Grootboek.
 - C Debiteer die rekening van Phat Tato in die Krediteure Grootboek.
 - D Debiteer die rekening van Phat Tato in die Debiteure Grootboek.
8. Wat was die hoeveelheid korting wat deur Lord of the Fries bereken is?
- A R570
 - B R600
 - C R228
 - D R114
9. Time to Dye is 'n haarkapper. Anne, die eienaar, het een van haar kliënte, Sally, se rekening twee keer gedebiteer. Sally het die volle bedrag wat verskuldig is betaal, aangesien sy nie die fout opgemerk het nie. Die rekenmeester het die fout geïdentifiseer. Watter inskrywing moet Anne maak?
- A Geen inskrywing moet gemaak word nie, aangesien Sally nie die fout opgetel het nie.
 - B Debiteer Sally se rekening met die bedrag verkeerdelik gedebiteer.
 - C Krediteer Sally se rekening met die bedrag verkeerdelik gedebiteer.
 - D Krediteer Sally se rekening met twee maal die bedrag verkeerdelik gedebiteer.

VASTE BATES, WAARDEVERMINDERING EN BATEVERWYDERING

10. Badger Transport het 'n tweedehandse voertuig op krediet gekoop vir aflewingsdoeleindes. Die koopprys was R600 000. Die voertuig is oorgeverf in die kleure van Badger Transport. Dit het R190 000 behoel en is kontant betaal. Ingesluit in die R190 000 was R45 000 vir 'n groot diens van die voertuig, asook die vervanging van die remme. Lisensiegelde het R3 000 vir die jaar behoel en 'n EFO is vir hierdie bedrag gemaak.

Wat sou die NETTO EFFEK op die rekeningkundige vergelyking wees?

	Bates	Ekwiteit	Laste
A	-552 000	+48 000	-600 000
B	-407 000	+193 000	-600 000
C	+552 000	-48 000	+600 000
D	+407 000	-193 000	+600 000

Die volgende saldo's is 'n uittreksel uit die rekords van Cool Features op 1 Maart 2021:

Voertuie **R1 350 000**
Opgehoorte waardevermindering op voertuie **R270 000**

Addisionele inligting:

- (i) **Waardevermindering word bereken teen 20% per jaar op kosprys.**
- (ii) **'n Nuwe voertuig is op 31 Oktober 2021 op krediet aangekoop vir R450 000.**

Beantwoord vrae 11 en 12.

11. Bereken die waardevermindering vir die jaar wat op 28 Februarie 2022 eindig.
- A R360 000
 - B R300 000
 - C R270 000
 - D R210 000
12. Op 28 Februarie 2022 het Cool Features twee voertuie gehad volgens die bateregister. Op watter datum is die eerste voertuig gekoop?
- A 1 Maart 2020
 - B 1 September 2020
 - C 1 Maart 2021
 - D 1 September 2021

Toerusting bestaan uit 5 identiese masjiene. Die balansstaat dui aan dat die totale koste van die toerusting R580 800 is. Die ouditeur stem nie met hierdie syfer saam nie, aangesien die laaste eenheid wat aangekoop is (eenheid 5), nie in die finansiële rekords aangeteken is nie. Hierdie eenheid is op krediet aangekoop vir R5 000 meer as eenhede 3 en 4. Hierdie twee eenhede is gekoop teen 'n prys 20% hoër as die oorspronklike koopprys van eenhede 1 en 2.

Beantwoord vrae 13 en 14.

13. Wat was die oorspronklike koopprys van eenhede 1 en 2 per eenheid?

- A R145 200
- B R132 000
- C R116 000
- D R116 160

14. Bereken die korrekte bedrag wat in die balansstaat ingesluit moet word.

- A R731 000
- B R585 800
- C R575 800
- D R744 200

Waardevermindering op toerusting word volgens die verminderende saldometode in berekening gebring. Die volgende saldo's is van Wagging Tail Suppliers geneem.

	2021	2020
Voertuie teen koste	960 000	800 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	488 320	390 400

Die nuwe voertuig is ses maande na die begin van die boekjaar aangekoop.

Beantwoord vrae 15, 16 en 17.

15. Bereken die waardeverminderingsbedrag vir die jaar.

- A R97 920
- B R160 000
- C R471 680
- D R409 600

16. Bereken die verskil in die drawaarde van voertuie tussen die einde van die 2020- en die einde van die 2021-boekjaar.

- A R160 000
- B R97 900
- C R62 080
- D R409 600

17. Teen watter koers word waardevermindering bereken?

- A 10%
- B 15%
- C 20%
- D 25%

18. Die rekenmeester van Pow Chow het die volgende maatreëls met betrekking tot bates ingestel:
- (i) Verkrygings en verkoop van bates moet behoorlik deur minstens twee van die drie vennote gemagtig word.
 - (ii) Alle bates in die bateregister moet op die laaste dag van die boekjaar fisies geïnspekteer word om die bestaan daarvan te verifieer.
 - (iii) Nie-bedryfsbates moet geregistreer word in die naam van een of meer van die vennote van die vennootskap.
 - (iv) Waardevermindering teen drawaarde moet aangeteken word op óf die datum van bateverkope, óf op finansiële jaareinde in die rekords van die vennote.
 - (v) Waardevermindering word jaarliks bereken deur óf die kosprys óf die drawaarde van bates te gebruik, afhangende van watter een die kleinste uitwerking op winste vir daardie jaar sal lewer.

Watter van hierdie is behoorlike interne beheermaatreëls?

- A (i) en (ii)
- B (i), (ii) en (iv)
- C (ii), (iii) en (iv)
- D (iii), (iv) en (v)

19. Verouderde toerusting (kosprys R140 000) en opgelope waardevermindering van R137 000 op 1 Julie 2021 is teen drawaarde op 31 Maart 2022 verkoop. Waardevermindering word bereken teen 20% per jaar op kosprys. Bereken die wins met bateverkope.

- A R0
- B R1
- C R3 000
- D R21 000

VENNOOTSKAPPE: ALGEMENE GROOTBOEKREKENINGE, REKENINGKUNDIGE VERGELYKING, VERDELING VAN WINSTE EN FINANSIËLE STATE

20. Die volgende punte beskryf voordele of nadele van 'n vennootskap as vorm van eienaarskap:
- (i) 'n Vennoot kan die vermoë om geld te leen om die groei van die onderneming te finansier, verbeter.
 - (ii) 'n Vennoot deel die finansiële las vir bedryfsuitgawes en kapitaaluitgawes wat nodig is om die onderneming te bestuur.
 - (iii) 'n Vennootskap sal geen inkomstebelasting betaal nie, aangesien die inkomstebelastinglas aan die vennote oorgedra word.
 - (iv) 'n Vennoot kan uitgesluit word van winsdeling.
 - (v) 'n Stilswyende vennoot sal beheer oor die besigheid neem, maar belangrike besluite sal gesamentlik geneem word.

Watter van hierdie word beskou as voordele van 'n vennootskap?

- A (i), (ii) en (iii)
- B (ii), (iii) en (iv)
- C (iii), (v)
- D (i), (iii) en (iv)

21. Watter een van die volgende sal in die vennote se kapitaalrekening ingesluit word?
- A Salarisse betaal aan vennote volgens die vennootskapsooreenkoms.
 - B Rente op kapitaal soos bereken op die openingsaldo's van kapitaal.
 - C 'n Toename in die kapitaalbydrae van 'n vennoot.
 - D Die totale onttrekkings van kontant of goedere van 'n vennoot.
22. Die lopende rekening van vennoot A toon 'n debietsaldo op jaareinde. Dit beteken dat:
- A die vennoot meer kontant onttrek het uit die vennootskap in die huidige jaar as kontant verkry uit die vennootskap in die huidige en vorige jare.
 - B die onttrekkings van vennoot A minder was in die huidige boekjaar as die onttrekkings van vennoot A in die vorige boekjaar.
 - C vennoot A sy kapitaalbydrae in die huidige boekjaar verhoog het en dat aanpassings aan die vorige jare se rente op kapitaal gemaak is.
 - D die vennoot in sy private hoedanigheid verantwoordelik is vir die insolvensie van die vennootskap en dat hy slegs in die skuld van die vennootskap sal deel.
23. Watter van die volgende moet vervul word voordat 'n besigheid as 'n vennootskap erken kan word?
- A Die ooreenkoms om sake te doen, moet skriftelik wees.
 - B Die onderneming moet by CIPRA en die SAID geregistreer wees.
 - C Die eienaars moet mede-eienaars van die besigheid wees en alle eienaars het 'n regseis op ander eienaars se bates.
 - D Die onderneming moet deur meer as een natuurlike persoon besit word.
24. Watter een van die volgende sal geklassifiseer word as 'n bedryfslas op die balansstaat van 'n vennootskap?
- A Die lopende rekening van 'n vennoot as dit 'n debietsaldo het.
 - B Die lopende rekening as die bankstaat 'n kredietsaldo toon.
 - C Die korttermyn gedeelte van 'n verbandlening.
 - D Inkomste ontvangbaar op die laaste dag van die finansiële jaar.
25. Vennoot A en Vennoot B ontvang albei jaarlikse toelae as salaris van die vennootskap. Vennoot A het die volle salaris vir die jaar geneem. Vennoot B het slegs 10 maande se salaris vir die jaar geneem. Die verskil in die boekstawing hiervan sou as volg wees:
- A Salaris A sal gedebiteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings A sal gedebiteer word met die volle bedrag wat as salarisse getrek word. Salaris B sal gedebiteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings B sal gedebiteer word met die waarde van 10 maande se salaris.
 - B Salaris A sal gekrediteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings A sal gekrediteer word met die volle bedrag wat as salarisse getrek word. Salaris B sal gekrediteer word met die volle bedrag toegeken en Onttrekkings B sal gekrediteer word met die waarde van 10 maande se salaris.
 - C Salaris A sal gedebiteer word met die volle bedrag toegeken en geen inskrywing sal in die Onttrekkings A gemaak word nie.
 - D Salaris A sal gekrediteer word met die volle bedrag toegeken en geen inskrywing sal in die Onttrekkings A gemaak word nie.

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords van BelMar Traders, 'n vennootskap.

	Bella	Marna
Primêre verdeling	268 000	372 000
Finale verdeling	172 000	?

Beantwoord vrae 26 en 27.

26. Vennoot Bella verdien 'n salaris van R18 000 per maand. Sy het 10 maande se salaris onttrek. Sy ontvang ook 10% per jaar rente op kapitaal. Hoeveel kapitaal het Bella in die vennootskap belê?
- A R520 000
B R880 000
C R216 000
D R268 000
27. BelMar Handelaars verdeel winste in 'n verhouding van 4:3. Bereken die bedrag wat aan Marna toegeken is as finale verdeling.
- A R129 000 wins
B R440 000 wins
C R330 000 wins
D R42 000 verlies

Up and Away Transport verhuur sedert 1 September 2020 een van sy stoorfasiliteite aan Fearless Flight. Op 30 Junie 2021, die laaste dag van die finansiële jaar, het die Huur Inkomsterekening in die Algemene Grootboek van Up and Away Transport 'n saldo van R372 375 gehad. Volgens die ooreenkoms sal huur na 6 maande met 5% verhoog word. Die huur vir Julie 2020 is op 25 Junie 2020 ontvang en aangeteken.

Beantwoord vrae 28 en 29.

28. Bereken die korrekte aansuiwering wat aan die Huur Inkomsterekening gemaak moet word vir die jaar wat op 30 Junie 2021 eindig.
- A Debiteer die Huur Inkomsterekening met vooruitontvange inkomste, R34 755.
B Krediteer die Huur Inkomsterekening met vooruitontvange inkomste, R34 755.
C Debiteer die Huur Inkomsterekening met inkomste ontvangbaar, R338 522.
D Krediteer die Huur Inkomsterekening met inkomste ontvangbaar, R338 522.
29. Watter rekeningkundige beginsel is van toepassing op die aanpassing van die huur wat ontvang is?
- A Paringsbeginsel
B Wesenlikheidsbeginsel
C Monetêre beginsel
D Omsigtigheidsbeginsel

30. Die vennote se ekwiteit van 'n vennootskap bestaan uit die volgende:
- A Die kredietsaldo van Kapitaal A plus die kredietsaldo van Kapitaal B plus die kredietsaldo van Lopende rekening A of minus die debietsaldo van Lopende Rekening A plus die kredietsaldo van Lopende rekening B of minus die debietsaldo van Lopende Rekening B.
 - B Die kredietsaldo van Kapitaal A plus die kredietsaldo van Kapitaal B plus die debietsaldo van Lopende rekening A of minus die kredietsaldo van Lopende Rekening A plus die debietsaldo van Lopende rekening B of minus die kredietsaldo van Lopende Rekening B.
 - C Die debietsaldo van Kapitaal A plus die debietsaldo van Kapitaal B plus die kredietsaldo van Lopende rekening A of minus die debietsaldo van Lopende Rekening A plus die kredietsaldo van Lopende rekening B of minus die debietsaldo van Lopende Rekening B.
 - D Voeg die totale bates van die vennootskap by die totale laste van die vennootskap om die totale ekwiteit van die vennootskap te verkry.